# Sommer net …



## By die spruit Krit

In sovele opsigte is Elia vir ons gewone sterflinge so ’n geweldige navolgenswaardige voorbeeld van rotsvaste geloof en heldemoed. Man alleen teen ’n horde afgodsdienaars. Man alleen teen ’n verwêreldse koning wat sy volk uitlewer aan al die magte van die hel.

En tog loop sy Godspad nie sonder die KRIT-ERVARING NIE. En wie van ons het nie self al by die spruitjie gesit nie? Wie van ons het nog nie onder die besembos gesit nie? As hierdie onaangename ervaringe nie vir Godsmanne soos Moses en Elia gespaar was nie, hoe sou ons dit wil vryspring? Wie weet wat God vir ons beplan, te midde van die dreigende hel wat wil-wil blaak van woede? Wie weet wat God vir my beplan … dis nou nadat die dikke ik reeds my privaat troontjie ontruim het.

Ons onthou graag van Elia se grootse heldedade en geloofsgehoorsaamheid. Ons kuier veel eerder saam met hom op die Karmelberg as by die droë spruit modderwater tussen die krassende kraaie.

Maar het ons onsself al dikwels in sy posisie by die spruit ingedink? Het ons al van daardie Krit-water gedrink? Al ooit aan modderwater gestik?

Hier sit die profeet by die trietsige spruit Krit, op bevel van sy Stuurder. Wat moes nie alles in sy gemoed plaasvind, toe hy sien hoe die spruit se watertjies elke dag vlakker en dunner loop?

Tot op ’n sekere dag toe dit net een klein modderpoel was. Geen drinkbare water meer. Want die droogte wat hy juis op Gods bevel aangekondig het, het terstond ingetree met rampspoedige gevolge. Hierdie volksramp het selfs tot die koningshuis binngedring en die hoogmoedige koning later verplig as veewagter op te tree.

Al daaraan gedink dat God juis aan hierdie dienskneg van Hom die sleutels van die hemel toevertou het? “Geen reën, tensy op my woord!” Hy alleen dra, namens God, die sleutel om die hemelkoepel tot ’n koperkoepel toe te sluit. Aan hom het God ook die sleutel toevertrou om die hemel weer oop te sluit. Maar tot eie voordeel mag hy die sleutel nie

gebruik nie. Hy buig saam met die ongehoorsame volk  onder die juk in. Totdat voor sy voete net een stinkende modderpoeletjie oorbly! Wat ’n aardige ervaring? Wat ’n aardige gesig? Wat ’n uiterste beproewing?

Wat het Elia alles gedink toe hy na die modder aan sy voete kyk? Die ongewone opdrag om juis na die swak lopie te gaan, was al eienaardig genoeg. In die Jordaan sou daar baie sterker water te vinde wees. En nou dit ook nog! Totaal niks!

Hoeveel mense sou hier die vuis gebal en woedend in opstand gekom het? Skreeuend na God se onredelikheid? Waarom, Here? Maar Elia wag geduldig op verdere bevele. Hy wis dat sy God hom nie hier sal vergeet nie. God vergeet nooit sy kinders wat moedverloor by hul Kritspruit sit nie.

God beheer nie net die mense en natuur nie. Hy bestuur en stuur ook die voëls van die hemel. Selfs die vraatsugtige kraaie word ingespan om sy dienskneg van kos te voorsien. Regte kontrakwerkers, sonder loon.

Selfs die eenvoudige, arm weduwee word diensbaar in God se Ryk. En omdat sy gehoorsaam is aan die man van God, word ook na haar nood omgesien. Sy en die Godsman kan saam deel in Gods genade.

Is dit dan nie wonderlik om dienskneg van God te wees nie?

Maar dis nie die einde van die wonder-verhaal nie. Nie die einde van die slyp van die geloofsman se geloof nie. En as God dit nodig ag om Elia se geloof te toets, is ons bo dit verhewe?

Is dit dan een wonder dat Jakobus so ’n roerende getuigskrif juis oor Elia skryf?

Toe Elia gereken het sy aardse taak is afgehandel daar onder die besembos, roep God hom tot ’n nog hoër roeping. Nie in die stormwind nie! Daar onder die besembos stuur God nie roofvoëls nie, maar ’n engel om vir hom een roosterkoek op ’n klip te berei. So voorsien God selfs onder die moedverlore besembos of moerbeiboom engele met roosterkoeke wat jou vir veertig dae laat volhou. En onthou, die veertig dae dui op ’n afgeslote geheel. Roosterkoeke selfs aan moedelose mense aan die einde van hul krag, maar ook aan die einde van hul geloof. Roosterkoeke deur engele gebak wat jou nuwe krag gee om die nuwe taak enduit aan te pak.

En die Here was nie in die sterk wind nie! Ook nie in die aardbewing nie. Ook nie in die vuur nie. Maar juis in die sagte suising van die middagwindjie.

Tot twee keer vra die Engel van die Here hom: “Wat maak jy hier, Elia?” En twee keer stort hy al sy klagtes uit voor God. “Dis nou genoeg, Here!” Maar God raak nie moedeloos met sy dienskneg nie. Hy ken sy maaksel. Want God het nog ’n belangrike taak vir Elia. God het ook nog nie afgereken met die sondes van Agab en sy huis nie. God het besluit op drie mense

wat Elia se stafgerig moet voortsit. Elisa, Jehu en Asael van Aram. Hulle weet nog niks van God se plan nie en moet so gou soos moontlik ingelig en gesalf word vir hul taak.  Wat Elia nie kon voltooi in sy lewe nie, moet Elisa, Jehu en Gasael van Aram voltooi. Iets om aan te dink: Is ek nie gewillig, gebruik God selfs die vyand in Sy diens. Beslis nie iets om op te roem nie!

Sit jy vandag onder die besembos? Drink jy vandag vuil modderwater by die spruit Krit?

Luister tog mooi na die sagte suising van die Heilige Gees wat vra: “Wat maak jy hier? Hoekom so moedeloos en sonder krag?”

Kyk en luister mooi. God wag eintlik reeds by die besembos vir jou. God wag jou in by die Kritspruit.

Hy het nog ’n belangrike taak vir jou. Die oue het verbygegaan. Dit het alles nuut geword.

Die helfte is jou nog nie vertel. Die opwindende deel kruip nog speels weg in MORE. Die hede is net die begin van more.

Dis God se Boodskap vir jou! Hou moed. Die beste wag nog om te gebeur. “Net stap vir stap, lei U my voort, o Heer.”

Seën.

Jou broer in Christus.

*[Oud-Lidmaat, Klipkerk]*